Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30

4 Julie 2010

Teksgedeelte: Lk 4: 14 – 30

Teksvers: Lk 4: 18 – 19

Tema: Bedien jy die Evangelie van verlossing?

Ps 66: 1, 4, 7

Juig, aarde, juig met blye galme,
laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme,
en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke,
geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke
en buig hom kruipend voor sy mag.

Ps 66: 1, 4, 7

Laat, aardse volke en wêreldmagte,
vir Isr'els God jul lofsang hoor;
want Hy het nie in lydensnagte
ons voet laat uitgly uit sy spoor.
U het ons in vergange tye,
o HEER, getugtig en bedroef,
en ons gelouter deur die lye
nes silwer deur die vuur beproef.

Ps 66: 1, 4, 7

Kom luister toe, o Godgesinde!
Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde
wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister
toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister,
was God my lof, net Hy alleen.

Lied 192: 1, 3

Grote God, u skepperhand
word verheerlik deur u werke;
son én sterre, see en land,
prys U, Ewige en Sterkte,
U wat is, U was altyd,
U sal wees in ewigheid.

Lied 192: 1, 3

Sien u volk in liefde aan;

laat ons nie ons stryd verloor nie;

help ons Satansmag weerstaan -

laat sy lis ons nie bekoor nie.

U, van alles, heer, die bron,

laat die nuwe aarde kom!

Lied 245 : 1, 2, 3

Ek wat vergifnis, Heer, ontvang het,
sing dankbaar my verlossingslied.
U weet hoe ek na U verlang het
U het u guns my aangebied.
Ek loof en prys U deurentyd,
ek loof en prys U deurentyd
en roem u groot barmhartigheid,
***en roem u groot barmhartigheid*.**

Lied 245 : 1, 2, 3

Ek was verlore in my sonde

en van die goeie weg vervreem.

Tog doen die Heer aan my die wonder

om my as kind terug te neem.

Ek loof en prys U deurentyd,

ek loof en prys U deurentyd

en roem u groot barmhartigheid,

en roem u groot barmhartigheid.

Lied 245 : 1, 2, 3

O God wat ryk is aan ontferming,
weerhou genade nooit van my,
maar hou my steeds in u beskerming
by U sal ek vir altyd bly!
Ek loof en prys U deurentyd,
ek loof en prys U deurentyd
en roem u groot barmhartigheid,
en roem u groot barmhartigheid.

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30

4 Julie 2010

Teksgedeelte: Lk 4: 14 – 30

Teksvers: Lk 4: 18 – 19

Tema: Bedien jy die Evangelie van verlossing?

Ps 20 : 2, 4

Mag Hy sy heil en bystand stuur

uit hoë heiligdom,

en u uit Sion ondersteun,

van waar u hulp sal kom.

Ps 20 : 2, 4

Mag Hy, die ryke God, u gee

al wat u hart verlang!

Vervulling van wat u beraam -

mag u dié guns ontvang!

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!

Ps 92 : 1 (bl 465) - Staan

Wie sou die HEER nie prys nie,
as weer met nuwe gloed
'n rusdag ons begroet?
Wie Hom nie dank bewys nie
in stille môrewagte,
as ons sy guns omring?
Wie vir sy trou nie sing
In loflied in die nagte?

Groetseën

Ontmoetingsdiens

Ps 92 : 2, 6 (bl 465) - Staan

Wie sou die troue HEER nie -

Hom wat sy gunste ons bied -

met hooggestemde lied

by harp- en luitspel eer nie?

Hy maak weer los my bande,

Hy maak my tong weer vry;

ek roem sy dade bly,

die werke van sy hande.

Ps 92 : 2, 6 (bl 465)

'n Palmboom hoog en rustig,
'n seder sterk en skoon
met breë blarekroon -
so groei Gods volk, so lustig.
Hul groei deur Gods genade:
hul bloei daar hoog en fris,
waar God se voorhof is,
in skone lofgewade.

Geloofsbelydenis

Ek glo in God die Vader;
ek glo in Jesus Christus;
en ek glo in die Heilige Gees

SB 12-3 : 1, 2, 3 - Staan

Enigste Here, enkele Wese,

ons glo in U met ons hele hart.

Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons:

U is vir ewig God en Heer.

SB 12-3 : 1, 2, 3

U, onbegryplik, U is onsienlik,

altyd dieselfde, oneindig groot.

U is almagtig, wys en regverdig,

U is die bron van alle goed.

SB 12-3 : 1, 2, 3

Ons eer U, Vader, U is vol liefde

Ons eer U, Jesus, ons Heiland, Heer

Ons eer U, Heil'ge Gees,

U maak ons lewe nuut

Drie-enig God, aan U ons eer!

Amen, amen, amen

Die wet van die Here

Exodus 20



Exo 20:1 Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:
2 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
3 (1) Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
4 (2) "Jy mag nie vir jou ‘n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.
5 Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,

6 maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.
7 (3) "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
8 (4) "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou.
9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet,
10 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. in die land wat die Here jou God vir jou gee.

11 Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.
12 (5) "Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon 13 (6) "Jy mag nie moord pleeg nie.
14 (7) "Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
15 (8) "Jy mag nie steel nie.
16 (9) "Jy mag nie vals getuienis teen ‘n ander gee nie.
17 (10) "Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie ‘n slaaf of slavin, ‘n bees of ‘n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie."

<u>Ps 119 : 1</u> (bl 585) - Staan

Salig wie in hul opregtheid
wandel in die Heer se wet,
wie Hom soek van ganser harte
en op sy getuig'nis let.
Salig die wat in hul wandel
nie op onregspaaie gaan,
maar wil wandel op die weë
in Gods wet vir hul gebaan.

Woord- en Gebedsdiens

Teksgedeelte: Luk 4: 14 – 30

Teksvers: Luk 4: 18 – 19

Tema: Bedien jy die Evangelie van verlossing?

Luk 4:14 Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag van die Gees, en berigte oor Hom het deur die hele omgewing versprei.
15 Hy het die mense in die sinagoges geleer, en almal het met lof van Hom gepraat.
16 Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, en soos sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees,
17 is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee, en Hy het dit oopgemaak en die plek gekry waar geskrywe staan:

18 "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur,
19 om die genadejaar van die Here aan te kondig."
20 Nadat Hy die boek toegemaak en aan die amptenaar teruggegee het, het Hy gaan sit. Die oë van almal in die sinagoge was op Hom gerig.
21 Toe begin Hy hulle toespreek: "Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul."
22 Almal het hulle instemming met Hom betuig en was verwonderd oor die aangename woorde uit sy mond. En hulle sê: "Is hy dan nie die seun van Josef nie?"

23 Toe sê Jesus vir hulle: "Julle sal seker die spreekwoord aan My wil voorhou: ‘Geneesheer, genees jouself’ en vir My sê: ‘Ons het gehoor wat alles in Kapernaum gebeur het. Doen nou dieselfde dinge ook hier waar jy grootgeword het.’
24 Maar dit verseker Ek julle," sê Hy verder, "geen profeet word in die plek waar hy grootgeword het, aanvaar nie.
25 Ek sê vir julle die waarheid: Daar was baie weduwees in Israel in die tyd van Elia toe die hemel drie jaar en ses maande lank toegesluit was, sodat daar ‘n groot hongersnood in die hele land gekom het.
26 Tog is Elia nie na een van hulle toe gestuur nie, maar wel na ‘n weduwee in Sarfat in die gebied van Sidon.

27 En daar was baie melaatses in Israel in die tyd van die profeet Elisa. Tog is nie een van hulle genees nie, maar wel Naäman, die Siriër."
28 Almal in die sinagoge was woedend toe hulle hierdie dinge hoor.
29 Hulle het opgespring, Hom uit die dorp uitgejaag en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle dorp gebou was, om Hom van die krans af te gooi.
30 Maar Jesus het tussen hulle deur geloop en weggegaan.

Teksvers: Lk 4: 18 – 19

Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur,

om die genadejaar van die Here aan te kondig.“

Tema: Bedien jy die Evangelie van verlossing?

Sb 10-2 (Sb 28)

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied,
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking;
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen
vir ewig en ewig, amen. Antwoorddiens

Bediening van die sakrament van die

Heilige Doop



Antwoorddiens

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op haar daal,

u guns uit Sion haar bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor haar gebied!

Kollekte:

Diens van Barmhartigheid

Antwoorddiens

Ps 126 : 1, 3 - (bl 622) - Staan

Toe God uit smaad en slawerny
ons uit gevangenskap wou lei,
was dit vir ons, beklemd deur vrees,
net soos 'n blye droom gewees.
Ons mond was vrolik, ongebonde
ons tong van blydskap in die stonde.
Selfs heidenvolke het vertel:
Groot is Gods daad aan Israel!

Ps 126 : 1, 3 - (bl 622) - Staan

Wie wenend, onder leed en smaad,
die korrels uitstrooi van die saad,
sal in die hoggehalmde graan
eerlang verblyd die sekel slaan.
Al wenend saai hy oor die akker;
maar vrolik word sy saaigraan wakker.
En eind'lik dra sy nyw're hand
die volle gerwe van die land.

Wegstuurseën

&

Amen

Gereformeerde
Kerk Benoni

Jeugdiens

17:00

Aanddiens

18:30

4 Julie 2010